Junie / June 2019

Werk saam SSK Wen saam

# WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Jesaja 61: 11 "Want soos die aarde sy plante voortbring, en soos 'n tuin sy gewasse laat uitspruit, so sal die Here geregtigheid en lof laat uitspruit voor die oog van al die nasies".

## DASBERG BOERDERY: 'N SUKSES STORIE



**Dasberg Boerdery Direksie v.l.n.r: Schalk Viljoen (Voorsitter), Gerswin Louw (Onder-Voorsitter) en Noko Masipa (Onafhanklike Direkteur).**

Alhoewel Schalk Viljoen en Dasberg Boerdery se grondhervormingstorie baie nederig begin het in 2015, is dit vandag 'n suksesverhaal en rolmodel vir baie. Schalk se pa, ook Schalk, was die jongste van 15 kinders en het sy bestaan gemaak as deelsaaier en huurder van landbougrond. In sy leeftyd het hy nooit grond besit nie.

As a young boy Schalk dreamed about owning his own farm and decided after school to further his studies in the agricultural field. After completion of his studies he joined his father. In 1992 Schalk managed to buy his first piece of land and in time acquired more through hard work and perseverance.

His background gave him an understanding of the aspirations of others and inspired him to try and make a difference in the lives of previously disadvantaged farmers.

The PALS (Partners in Agri Land Solutions) framework provided him with a practical solution for his land reform ideas, with the ultimate objective of employee participation in sustainable business and landownership.

In 2015 is Dasberg Boerdery as nuwe maatskappy geregistreer met die Boerdery se werknemers wat mettertyd met 'n meerderheidsaandeel van 51% bemagtig is. Die direksie bestaan uit Schalk Viljoen, Gerswin Louw en Noko Masipa.

*- na bl.2*

## SUID-KAAP JONGBOERFORUM TOER NA PORT ELIZABETH

SSK was onlangs die hoofborg van die Suid-Kaap Jongboerforum se toer na Port Elizabeth vanaf 4 tot 6 Maart. Die doel van die toer was om meer van die wolbedryf te leer ten einde hierdie kennis tot voordeel van die wolboere op grondvlak te kan toepas. Gedurende die toer is die Wol Toetsburo te Summerstrand en BKB se wolstore en hoofkantoor te North End besoek. Daar is ook tyd ingeruim om die produksie aanleg van FAW Trucks in Coega te besoek ten einde te sien hoe hierdie vragmotors aanmekaargesit word. Die jongboere is dit eens dat dit 'n baie verrykende besoek was en dat hierdie aktiewe forum 'n uitstekende platform is vir hierdie streek se jongboere om te netwerk, informasie uit te ruil en om verskillende boerdery vertakkings beter te leer ken. Daar is natuurlik tyd ingeruim vir die nodige sosiale aspekte van so 'n toer en is daar baie gesellig saamgekuier.

Vir meer informasie oor hierdie forum of om betrokke te raak as lid, kan LG van As (Voorsitter) gekontak word per e-pos by: vanasboerdery@yahoo.com

*- Villiers van Veen*



Foto: Fredalette Uys van Landbouweekblad Oos-Kaap

Agter v.l.n.r: Matthys Streicher , Johannes Human, Pierre-Jacques Human, Jacques Odendaal, Pietman Uys, Matthias Streicher, Helgard Steyn, Jamie Streicher, Nelis Swart, Villiers Van Veen (SSK), Tihan le Roux, Neethling Dippenaar, Attie Odendaal
Voor v.l.n.r: Pieter Streicher, Albrecht Smuts, Henk Schuurman (SSK)

# DASBERG BOERDERY: 'N SUKSES STORIE

*- vervolg van bl.1*

Gerswin het 'n Landbou-diploma verwerf na sy skooljare op Merweville en is die bestuurder van lewende hawe. Hy en een van die mede-aandeelhouers, Simon van Wyk het in 2018, elke Dinsdag vir 30 weke lank, 300 km gery om PALS se Finansiële bestuurskursus by te woon. Simon, wat reeds in Graad 4 skool moes verlaat, slaag die kursus en Gerswin word as Dux-leerling aangewys.

In die 3 jaar vanaf 2016 tot 2018 moes Dasberg Boerdery en Schalk Viljoen die uitdagings van kapitaalwinsbelasting (wat gehef sou word op die plaas wat Schalk na Dasberg wou oordra), finansiering vir die nuwe boerdery, omgewingsimpakstudies en talle vertragings met die waterlisensie aansoeke aanspreek. Die waterlisensie was 'n voorwaarde vir die oordrag van die eiendom na Dasberg Boerdery en is met behulp van deskundiges bekom.

The water licence was awarded to Dasberg in September 2018 and a storage reservoir dam with a wall height of 20 metres and a surface of 9 hectares was completed in December 2018. This has enabled Dasberg to establish and develop, the production and envisaged export of citrus on the 631 hectare farm.

Schalk (S.W. Viljoen Boerdery) se ander plase en huurplase word alles vir 5 jaar aan Dasberg Boerdery verhuur, sodat die inkomste uit al die plase waarop daar met koring, gars, canola en merino skape op lusernweidings geboer word, gebruik kan word om die sitrusontwikkeling te finansier en sodoende Dasberg Boerdery se volhoubaarheid te verbeter.

Ons voorspel dat die Dasberg Boerdery-model in die toekoms die basis gaan vorm waarop nog vele suksesverhale van wetenskaplike grondhervorming geskoei sal word. Dit illustreer die onskatbare waarde van die "Werk saam, Wen saam"-beginsel en ons is trots op die baanbrekerswerk wat die onder-Voorsitter van die SSK Raad in dié verband doen.

*(Krediet: Gerrit van Vuuren PALS)*

*- Annelie van Wyk*

# SSK STREEK SE JONG BOERE BLINK UIT

Twee jong boere uit die SSK streek is genomineer as deelnemers aan die Agri Wes-Kaap Santam Landbou Jongboer-van-die-jaar kompetisie. Baie geluk, Johan van der Schyff (Plettenbergbaai) en Nicolaas Jonker (Bonnievale). Ons hou duimvas!



Johan van der Schyff van Dagbreek Eiers in Plettenbergbaai.



Nicolaas Jonker van Bonnievale.

# VOLDOENDE MIELIEVOORRAAD

## VIR DIE SEISOEN VERWAG

Die lede van die Graanhanterings-organisasie van Suider-Afrika (GOSA) het gedurende die afgelope seisoen 17,5 miljoen ton graan, wat plaaslik produseer en ingevoer is, doeltreffend hanteer. In totaal sal 'n geskatte 13 miljoen ton graan in die huidige seisoen ontvang, gefinansier, opgeberg, vervoer, berook en verwerk word. Volgens die huidige oesskatting is ongeveer 2,3 miljoen hektaar mielies geplant wat 'n moontlike oes van 10,5 miljoen ton mielies kan bewerkstellig. Gegewe die 10,5 miljoen ton oes, plus oordragvoorraad van ongeveer 3 miljoen ton, behoort Suid-Afrika voldoende mielies te hê vir die seisoen wat voorlê.

GOSA se 36ste Jaarsimposium is in Maart in Langebaan gehou.



SSK-verteenwoordigers wat die Graanhanteringsorganisasie se simposium vanjaar in Langebaan bygewoon het, saam met hul wederhelftes wat 'n GOSA-damesprogram gedurende die simposium bygewoon het. V.l.n.r: Theresa en Eddie de Jager (SSK Bestuurder Silo's), Suzanne en Gerdus Steyn (SSK Saadbestuurder).

FOKUS OP SSK LEDE

# JOHANN EN MADELÉ NEL (HOËKRAAL LANDGOED, SUURBRAAK)

Die verloop van Johann Nel en Madelé se storie is veel interessanter en mooier as wat enige "Boer soek 'n Vrou" verhaal ooit kan wees.

Johann vertel dat sy pa in 2008 Madeléhul se familieplaas, Vadersgawe op Oudtshoorn gekoop het. Sy was nogal kwaad en ontsteld hieroor, want sy het altyd gehoop sy kon sélf 'n bestaan daar maak met 'n blomme boerdery. Toe die vreemde boer die aand die sleutels kom haal het en vir 'n braai genooi was deur haar pa, was sy alles behalwe vriendelik. Johann erken dat dit vir hóm liefde met die eerste oogopslag was, "alhoewel sy die hele aand afgekyk het en niks gepraat het nie". Sy het self behendig die braaivleisvuur gepak en op sy vraag of hy kan help, het sy net kort-af geantwoord: "Nee dankie."

Na die ongemaklike kuier het Madelé se ma haar berispe oor haar gebrekkige gasvryheid en voorgestel dat sy Johann kontak en aanbied om hom aan haar Oudtshoorn vriende voor te stel. Die res is natuurlik geskiedenis, met 'n besonderse mooi einde.

Dis lekker om by die Nelle te kuier. Ons sit op die stoep terwyl hulle twee plaaskinders in die groentetuin werskaf. Christoff soos sy pa, praat min en werk hard tussen die pampoene en Cara versier haar pienk SSK oorpakkie met silwer feetjie vlerke. Dit is duidelik dat Madelé trots op haar man se prestasies is, dat sy hulle boerdery baie goed ken en dat hy haar opinie en insette waardeer en hoog ag.

Johann, het as jong seuntjie net soos sy seun Christoff met trekkers gespeel en gedroom van 'n eie plaas. Vandag leef hy sy passie uit en is aan die hoof van 'n suksesvolle melk-, dohne-merino, graan (canola, hawer, saadkoring en gars) en boerbok boerdery. Johann en sy bestuur se suksesse met veegetalle en kwaliteit wat ononderhandelbaar is, spreek vanself. Sy pa Christoff, was al die jare in die mynboubedryf, maar het ook gedroom van sy eie plaas. Hulle het in 2008 vanaf Middelburg in Mpumalanga na die Suid-Kaap verhuis en die plaas Hoëkraal gekoop. Johann het in die begin jare onder begin werk en stelselmatig deur al die vertakkings gewerk, sodat hy die boerdery soos die palm van sy hand leer ken het. Sy pa Christoff is in 2009 oorlede, waarna 'n bestuurder tydelik die plaas bestuur het. In Desember 2011 het Johann voltyds oorgeneem. Hy erken ruiterlik dat hy al baie, veral in die beginjare, foute gemaak het, maar elke keer uit sy foute geleer het en nie skroom om te gaan kers opsteek by die hardebaarde nie. Die "wydsbeen boerdery" tussen Oudtshoorn en Suurbraak is ook intussen gestaak en Madelé se pa-hulle boer weer daar.

Hy is beskeie as ek vra na sy gesogte toekenning van Agri Wes-Kaap en Santam Landbou se Jongboer van die jaar in 2017. "Die toekenning het my perspektiewe en horisonne verbreed en ek het in die proses waardevolle mensekennis opgedoen". Dit is duidelik dat hy op 32-jarige ouderdom 'n natuurlike leier is wat tans dien op die direksie van die SAMELKO en Voorsitter is van die Buffeljagsrivier Landbou-vereniging.

Hy neem sy rentmeesterskap baie ernstig op. "My langtermyn visie is om vir die werker-families op die plaas welvaart en sekuriteit te skep". Daar is reeds baie sukses in dié verband bereik en Johann is duidelik trots op die goeie verhoudings wat gehandhaaf word. Johann praat oor uitdagings as geleenthede. "Ons boere is afhanklik van die natuur en moet deurentyd poog om omstandighede te bestuur".

Hy praat waarderend oor sy vennootskap met SSK. "Ek beleef SSK as baie vernuwend die afgelope paar jaar. Dis lekker om met jong dinamiese bestuurslui te werk, wat boere verstaan en hulle passie en energie deel".

Op my vraag oor hoop vir die toekoms vir boere in Suid-Afrika, kyk hy my vas in die oë. "Geloof en hoop loop hand-aan-hand. Ek en Madelé glo vas en vertrou dat ons besig is om 'n toekoms te bou vir ons kinders, hulle kinders en ons plaas-gemeenskap".

Ek ry daar weg met 'n warm gevoel in my hart, trots op wat ek op Hoëkraal beleef het. Korinthiërs 13 word daar uitgeleef. "En die grootste hiervan is die liefde…"

*- Annelie van Wyk*





Plaaskinders, reg aangetrek vir boer!
Christoff en Cara Nel



Die Nel gesin: Johann, Madelé,
Cara en Christoff.

FOKUS OP SSK WERKNEMER

# KOOS VAN ZYL

## (Senior Bestuurder: Admin en Krediet)

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek en Adri is vanjaar 14 jaar getroud en ons is geseën met 3 kinders, Hendrik (11), Carli (9) en Lisa (5). Gedurende die week woon ons op Heidelberg en naweke spandeer ons op die plaas by Albertinia. Adri was in die onderwys, maar spits haar tans toe op die opvoeding van ons kinders en die versorging van ons gesin. Sy gee nie om om haar hande vuil te maak nie en doen ook meer as haar deel op die plaas.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons hele gesin hou van hengel en dis altyd 'n hoogtepunt wanneer ons die slag daarvoor kans kry. Ons hou van buite wees en Adri en die kinders kom braai dikwels in die veld of langs 'n landery wanneer ons daar werk. Die kinders speel graag skaak en selfs Lisa kom al mooi reg. Hendrik en Carli sit my gewoonlik ore aan.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het in 1994 matriek voltooi aan Hoërskool Langenhoven op Riversdal. In 1995 begin ek as klerk werk by FNB op Riversdal. Ek word daarna verplaas na Bredasdorp in 1997 en daarvandaan na Wolseley in 1998. In 1999 word ek aangestel as Rekenmeester by FNB Albertinia en in 2001 as Landbou Verhoudingsbestuurder in Malmesbury vir die Swartland area. Gedurende 2004 voltooi ek my B.Com graad deur UNISA en in 2005 word ek aangestel as Takbestuurder by FNB op Heidelberg. In 2008 trek ek weer terug Riversdal toe as Verhoudingsbestuurder vir die gebied Heidelberg, Riversdal en Albertinia. Na amper 16 jaar in die bankwese verlaat ek FNB aan die einde van November 2010 en begin op 1 Desember 2010 by SSK op Heidelberg in my huidige pos.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Daar was al verskeie hoogtepunte in my loopbaan oor die afgelope 24 jaar ten opsigte van bevorderings en toekennings. Die belangrikste vir my is as ek aan die einde van 'n dag kan terugkyk en weet ek kon my deel doen.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek glo dat SSK oor die volgende 5 jaar sal voortbou aan ons hoofdoelstelling "Om met behoud van stabiliteit die welvaart en voortbestaan van die organisasie en sy lede deur groei en diversifikasie te bevorder". Ek sou graag wou sien dat die bou van sterk bande met ons lede, kliënte, personeel en die gemeenskappe waar ons besigheid doen, oor 5 jaar steeds 'n prioriteit sal wees.

Dis vir my 'n voorreg om deel van SSK te wees en sou dit so bestem wees, sal ek oor 5 jaar steeds deel van die span wou wees.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Ek was gelukkig om in 'n huis groot te word met ouers wat vir ons 'n goeie voorbeeld gestel het en by wie ons baie lewenswaarhede en waardes kon leer. Op skool het 'n rugbyafrigter altyd vir ons gesê "kop af en dryf", dit het vasgesteek. Ek glo die beste manier om iets gedoen te kry is om jou kop te laat sak en dit te doen. (Dan gaan jou mond vanself toe en jy kan jou hande sien).



Die Van Zyl spannetjie. Plaasmense, óns mense.




Foto verskaf deur Oakdale

## OAKDALE JUNIOR PROTEA SPAN

SSK is trots op ons verbintenis met die Oakdale Junior Protea-span wat Suid-Afrika in September in Ierland by die Tug of War Wêreldkampioenskappe gaan verteenwoordig. Hierdie manne is 'n toonbeeld van die sukses wat alleen bereik kan word deur harde oefening, ystere dissipline en onwrikbare uithouvermoë. In kort hulle is manne van staal!

Agter v.l.n.r: Pieter Janse van Rensburg, Robert-John Montgomery,
Nicholas Joubert, Reynhardt Botha, Rayno Grundlingh
Middel v.l.n.r: Ben Viljoen, Johan Geyser
Voor v.l.n.r: Anro Vermaak, Charl du Plesss, Chrisjan Oosthuizen, Dewald Le Grange, Tertius van der Watt

# SSK AGRILAND

SSK's Retail Division, operating as AgriLand, is a one-stop, agricultural enterprise and do-it-yourself shopping experience, where customers are greeted with expert, comprehensive and professional service. With 21 AgriLand stores in the Western- and Southern Cape, Langkloof and the Karoo, SSK AgriLand provides a full range of agricultural, home, garden, building materials and DIY products.



**Aberdeen**
JJ Holtzhauzen
jj.holtzhausen@ssk.co.za



**Albertinia**
Johan Campher
johan.campher@ssk.co.za



**Avontuur**
Adam de Vos
adam.devos@ssk.co.za



**George**
Freddie Victor
freddie.victor@ssk.co.za



**Haarlem Pakmateriaal**
Jaco Jonker
jaco.jonker@ssk.co.za



**Heidelberg**
Hencor Combrink
hencor.combrink@ssk.co.za



**Herbertsdale**
Anton Swart
anton.swart@ssk.co.za



**Herold**
Patrys Erasmus
patrys.erasmus@ssk.co.za



**Knysna**
Rodney Baadjies
rodney.baadjies@ssk.co.za



**Krakeel**
Barry Marais
barry.marais@ssk.co.za



**Misgund**
Ryno van der Merwe
ryno.vandermerwe@ssk.co.za



**Mossel Bay**
Isabel Geldenhuys
isabel.geldenhuys@ssk.co.za



**Noll**
Lize van Jaarsveld
lize.vanjaarsveld@ssk.co.za



**Plettenberg Bay**
Julia Lombard
julia.lombard@ssk.co.za



**Riversdale**
Jonelle Fiet
jonelle.fiet@ssk.co.za



**Robertson**
Nelius van Zyl
nelius.vanzyl@ssk.co.za



**Still Bay**
André Jonker
andre.jonker@ssk.co.za



**Swellendam (Koringlandstraat)**
André van Wyk
andre.vanwyk@ssk.co.za



**Swellendam (Huishoudelik)**
Willie de Kock
willie.dekock@ssk.co.za



**Twee Riviere**
Rufus Human (waarnemend)
rufus.human@ssk.co.za



**Uniondale**
Amelia Schutte
amelia.schutte@ssk.co.za

# NAMPO 2019: BOTHAVILLE



SSK by New Holland by Nampo v.l.n.r: Jacques Buys, Alwyn Burger, Herbert Streicher, Andre Joubert, Emmie Germishuys, Annelie van Wyk, Villiers van Veen en Koos van Zyl.



Supermen by Nampo. SSK lid Stephen Muller van Brandwacht en Koos van Zyl van SSK.



Die SSK Aankope afdeling geniet Nampo saam met Cape Gate. V.l.n.r: Karen Nel, Andre du Plessis, Albert Theron (Verkoopsbestuurder: Agrinet), Johan le Roux en Dewald Meyer.



Die Jagseisoen is oop en Hendrik van Zyl van Albertinia wéét van fyn korrel.






# LANGDIENS ERKENNING

**35 JAAR:** Elbie Hoon

**30 JAAR:** Gerda Geldenhuys, Sandra Steyn, Johannes Moolman

**20 JAAR:** Andrew Makriega, Gerdus Steyn

**15 JAAR:** Isabel Geldenhuys, Isaac Treurnicht, Melvin Pieters, Arend Geldenhuys, Ralph Kleinhans

**10 JAAR:** Yolande Mels, Agnetha de Vie, Johan Matthys, Pieter Swarts, Tholakele Makapani, Abeda Gertse, Zilindile Lengs, Nicolene Cowson Anwha Oerson, Johan Gouws, Christover Philander



Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin) wens Elbie Hoon (Rekenmeester Heidelberg) geluk met 35 jaar diens by SSK.

## MENSLIKE HULPBRONNE TOEWYDING



Sandra Steyn (foto links) en Gerda Geldenhuys (foto regs) van die Menslike Hulpbronne afdeling het tussen hulle 60 jaar diens by SSK (30 jaar diens elk).



Johannes Moolman (Heidelberg Seile): 30 jaar diens.

# TOP 10 WINES

**DER KELDERMEISTER**

1. Van Loveren Pinotage
2. Van Loveren Sauvignon Blanc
3. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
4. Koelenhof Pinotage
5. Unbelievable Dry Red
6. Koelenhoffer Sauvignon Blanc
7. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
8. Bon Courage Blush Vin Doux
9. Beyerskloof Pinotage
10. Van Loveren Neil's Pick Colombar

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | FEB 2019 | MAART 2019 | APRIL 2019 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 26mm | 18mm | 26mm |
| Albertinia | 24mm | 32mm | 11mm |
| Ashton | 38mm | 79mm | 1mm |
| Avontuur | 44mm | 30mm | 46mm |
| George | 78mm | 58mm | 30mm |
| Heidelberg | 42mm | 72mm | 33mm |
| Herold | 30mm | 8mm | 18mm |
| Joubertina | 14mm | 17mm | 35mm |
| Karringmelks | 44mm | 46mm | 22mm |
| Knysna | 66mm | 166mm | 53mm |
| Misgund | 11mm | 37mm | 45mm |
| Mosselbaai | 12mm | 54mm | 23mm |
| Protem | 34mm | 116mm | 30mm |
| Plettenbergbaai | 40mm | 58mm | 71mm |
| Riversdal | 36mm | 69mm | 34mm |
| Swellendam | 59mm | 58mm | 16mm |

Let wel: Reënval mag verskil weens plek van meting in dorp streek



# MENSE EN DINGE




Goeie nuus vir landbouers, bouers en doen-dit-self entoesiaste! SSK AgriLand Stilbaai se toegewyde verfwinkel is onlangs ge-open. V.l.n.r: Andre Jonker (AgriLand Stilbaai: Takbestuurder), Arno Grebe, Jason Taute, Dorian Klaasen, Mitchalene Paine, Deon Le Roux, Lizzy Jacobs, Chriswin Kortjie, Tilana Coetzee, Shanell Hattingh, Mark Roff (Dulux - Verteenwoordiger) en David Garriock (Dulux – Handelsbestuurder)




Eduardt Olivier (regs) van Dutoit Produksie in Twee Riviere was die gelukkige wenner van die Columbus kompetisie. Rufus Human van AgriLand Twee Riviere het die geskenkpak oorhandig.



MSD veeartseny se Melkery opleiding is onlangs vir die SSK bemarkers en Takbestuurders by die Van Greunen Boerdery in George aangebied.




Virbac het sy 20ste bestaansjaar gevier met 'n kompetisie en Jaco van Rensburg van Riversdal was die gelukkige wenner van 'n 67 stuk Gedorestel. V.l.n.r: Peter-John Hoffman (Snr Winkel bemarker, AgriLand), Conrad Olivier (Virbac), die wenner Jaco van Rensburg en Jonelle Fiet (Takbestuurder: AgriLand Riversdal).

## SSK VERSEKERING DOEN DIT WEER EN WEER



Die span verower Santam se silwer toekenning vir die Boland/Suid-Kaap streek. Op die foto: van links Bertus Kloppers (Santam Streeksbestuurder) en die SSK span James Ackhurst (Heidelberg), Carola Koekemoer en Abrie Jooste (Swellendam).



Abrie Jooste, James Ackhurst en Carola Koekemoer met Old Mutual Insure se Top Adviseurs toekenning vir konstante uitstekende prestasie (hulle was die enigste ontvangers van dié oorkonde).

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za
DESIGN: NENANE BESTER - INFOGRAFIAC@GMAIL.COM | PRINTING : JETLINE PRINT ON DEMAND GEORGE